

FASD IN DIE KOLLI

Swanger vroue wat drink het ondersteuning nodig

MENSE wat drink het nie altyd beheer oor hoeveel hulle drink en wanneer om te stop nie.

In samewerking met die Foundation for Alcohol Related Research (FARR), is Woensdag 9 September die Internasionale dag vir Fetale Alkoholspektrumafwyking (FASD). FARR vier dan sy 23ste bestaansjaar.

Op dié dag val die aandag



LIEFDEVOL: Kinders het baie aandag nodig.

LEON BONTHUYS

leon.bonthuys@son.co.za

op babas wat geboortedefekte opdoen omdat hulle gedurende die swangerskap aan alkohol blootgestel is.

Dié blootstelling kan FASD veroorsaak en die skade is onherstelbaar.

Omdat breinontwikkeling reeds kort ná bevrugting begin, rig alkohol reuse-skade aan.

Ondersteun

Die beste manier om die gevare daarvan uit te lig, is om mense daarvoor in te lig. Dis ook belangrik dat mummies wat verwagting is, ondersteun word.

In 'n verklaring sê FARR dat bewusmaking die beste manier is om die gevare van swanger mummies wat drink uit te lig. Die verklaring lees: "Ons moet 'n omgewing skep waar swanger mummies kan voel hulle word ondersteun."

"Dis oor en oor bewys dat dit nie help om vir die vrou kwaad te word nie. Om te



EMPATIE: Kinders wat aan fetale alkoholsindroom ly, sukkel om te leer.

FOTO'S VERSKAF

SMS JOU MENING OOR DIE STORIE AAN 32369 SÊ ONS!
SMS'e KOS R1.50

judge help ook nie.

"Ons kan teen FASD veg deur 'n omgewing te skep waar daar liefdevol teenoor die verwagtinge vroue opgetree word.

"Die grootste wapen wat ons besit teen FASD is empatie.

"Die familie, partners en die hele gemeenskap speel 'n rol en ons kan ons eie siening

verander vir beter en gesonder swangerskappe."

Volgens FARR is daar internasionaal kommer oor die stigma wat kleef aan swanger vroue wat drink en kinders met FASD.

Druk

"Daar is ook druk op vroue wat tydens hul swangerskap deur partners, vriende of familie aangemoedig word om te drink.

"Mense wat aan FASD ly,

kan steeds leer om te groei, maar dit gaan baie herhaling verg. Dis belangrik om dieselfde ding oor en oor te sê en dit moet deel van die roetine word."

Vir meer inligting hieroor, bel 021 686 2645/6/7, gaan besoek die website farrsa.org.za of die Facebook-blad Foundation for Alcohol Related Research. Jy kan ook 'n e-pos stuur na info@farrsa.org.za.



RAID 'N RUN: Rowers het cash van dié mall gelig.

Foto: MELINDA STUURMAN

Security dood in sy sitplek

ANELE MFAZWE

DIT blyk dat die perfect heist laas week gepleeg is.

Die polisie se elite-eenheid, die Valke, ondersoek 'n rooftog wat Donderdag namiddag in die Liberty Promenade-winkelsentrum in Mitchells Plain gepleeg is.

Die rowers het 'n cash van getarget wat kontant afgelewer het. Dit was naby die Game-tak se aflewering-gebied.

Een van die twee sekerheidsbeamptes is in die voertuig doodgeskiet.

Die rowers het met 'n onbekende bedrag kontant, twee 9 mm-pistole en 'n R5-geweer weggekom.

Die vuurwapens is by die twee sekerheidsbeamptes afgevat.

Kol. Brenda Muridili, nasionale polisiewoordvoerder, sê die Valke het nog geen verdagtes in hegtenis geneem nie.

sonblits

VOUR SE TIER!

'N LID van New York se brandweer moes sy lyf Spider-Man hou om 'n vrou te red.

Dié departement is Dinsdag ontbied na 'n brand in 'n hoë gebou, berig ABC News.

Toe die brandbestryders op die toneel kom, het hulle die angsbevange vrou op die vensterbank van haar woonstel op die 16de vloer gesien.

Om haar te red, moes hulle 'n maneuver inspan wat selde gebruik word: dak-tou-redding.

Brian Quinn het met 'n tou teen die gebou afgesleil terwyl hy die vrou styf vasgehou het.

Die brandweer word wyd geloof vir dié reddingspoging. - NDTV

ISAAC CLOETE

VOORGESTELDE matriekampe maak plaaslike inwoners in die Noord-Kaap vuurwarm onder die kraag.

Die Noord-Kaapse onderwys departement sê dis intussen eers gestop tot verdere kennisgewing.

Die matriekampe, wat sowat R30 miljoen sal kos, is die idee van die departement.

Die eerste kampe moes al in Kleinsee in Namakwaland begin het. So ook kampe in die ander vier distrikte van die provinsie.

Maar nou maak besluitnemers in Kimberley glo kassie daarteen en elke keer word die datum vorentoe verskuif, vertel inwoners.

Veral oor die kamp in die Namakwa-distrik word daar

HERRIE LOS OOR MATRIEKKAMPE

al geruime tyd geskinder.

Volgens 'n bron het 'n sakevrou van Springbok, Clarissa Carstens, glo die kontrak vir die kamp in Kleinsee gekry.

Benewens Carstens het ander na bewering ook al van die kleiner kontrakte gekry.

Leuen

Carstens het by navraag gesê sy wil nie kommentaar hierop lewer nie.

Volgens haar het sy ook net gehoor dat die matriekampe op hold gesit is.

Sy sê: "Ek is nie happy met die bedrae vir die matriek-kamp nie. Dis 'n leuen en ek wens ek kon daai soort (geld)

vir my kwotasie kry, wat in elk geval die minste in die Noord-Kaap was."

Sy het ook gesê dit sal 'n jammerte wees as die kampe afgestel moet word, want dit sal die matrikulante kwaai benadeel.

Geoffrey van der Merwe, woordvoerder van die LUR van onderwys in die Noord-Kaap, het baie hewig op die gerugte en gegons gereageer.

Volgens hom is die "stories" rondom die matriekkamp in Kleinsee bog.

Hy sê: "Dis ontstellend dat verkeerde en vals inligting, veral oor die Namakwa-ma-

triëkkamp in Kleinsee, in die sosiale media versprei word.

"Geen verskaffers is al aangestel nie. Ook is geen bestelnommers al aan individue uitgereik nie."

Van der Merwe voel dat sulke gerugte die beeld van die departement skaad.

Regskennis

Verder plaas dit die beplanning van die kampe erg in die weegskaal.

Hy voeg by dat die departement besig is om regskennis in te win oor die valse gerugte.

Hierna gaan opgetree word teen individue en departementele amptenare wat hulle

hieraan skuldig gemaak het.

Die kamp beoog om sowat 200 gr. 12-leerders van die Namakwa-streek vir drie maande in Kleinsee te "hok."

Hier gaan hulle normale skoolonderrig ontvang, asook ekstra leertyd met die oog op die eindeksamen.

Almal sal onder toesig in hostelle geakkommodeer word tot ná die eksamen.

Van der Merwe het ten slotte gesê geen finale reëlings is al getref nie.

Hy het bygevoeg alle matriekampe is sedert Donderdag 3 September gestop tot verdere kennisgewing.

ER FISCAL RELIEF
YOUR FINANCES IN GOOD HANDS!

NCRDC 2860

VISIT OUR OFFICES

UNIT 16,
25 VOORTREKKER ROAD,
1ST FLOOR,
ADMS BUILDING,
GOODWOOD, 7460



MS STACEY

Please call me:
081 281 5834

Email:
consultant2@fiscalrelief.co.za

**WE ARE OPEN
6 DAYS A WEEK....**

DEBT
R10 000
R20 000
R40 000
R100 000
R200 000

PAYMENT
+/- R350
+/- R500
+/- R900
+/- R1500
+/- R2800

> TIRED OF BEING BROKE DAY AFTER PAYDAY?
> TIRED OF CREDITORS CALLING YOU?
> TIRED OF MAKING LOANS TO SURVIVE TILL NEXT PAYDAY?
> TIRED OF ALL THE MONTHLY DEBT?

THEN PICK UP THAT PHONE ...
WE DO HOUSE CALLS

APPLY ONLINE TODAY WWW.FISCALRELIEF.CO.ZA
LANDLINE : 021 591 0553
FAX : 021 591 0661
PLEASE CALL ME : 081 281 5834
EMAIL : INFO@FISCALRELIEF.CO.ZA

OPEN MON - SAT
8AM TILL 4PM

WHATSAPP US FOR YOUR CONVENIENCE

081 281 5834